**10 Januarie 2014**

**Skrifgedeelte: Handelinge 3:1-8, 11-16 (1953/1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelunge 3:13**

## Eer God deur die Naam van Jesus

Die Naam van Jesus word in ons tyd deur baie doodgeswyg. Wie nie aan God die eer bring soos hierdie lam man (vs 8) nie, loën Jesus nie alleen nie, maar mis ook die redding wat Hy bring. God toon sy krag waar die Naam van Jesus gebruik word.

Die mense was daardie dag verwonderd oor wat daar gebeur het. Petrus wys egter dat dit nog dieselfde God van Israel is wat aan die werk is as hy na die God van Abraham, Isak en Jakob en die God van die voorvaders verwys. God is steeds aan die werk deur sy Seun Jesus. Wie nie in Jesus glo nie, verloën die God van Israel. Dit het die Jode gedoen toe hulle 'n moordenaar laat loslaat het en Jesus laat kruisig het (vs 14). God het Jesus egter verheerlik, verhoog, Goddelike eer gegee toe Hy Hom uit die dood opgewek en laat opvaar het. God werk in hierdie verhoogde Jesus. Daarom het die apostels in sy Naam wonders gedoen. Vers 16: *Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel.*

Wie vandag die Naam van Jesus in aanbidding gebruik, sal tot redding vind hoe God se krag steeds aan die werk is. Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Rom. 10). As jy egter saam met so baie dié Naam nie tot eer van God gebruik nie, is jou lewe en jou einde beklaenswaardig. Vers 19: *Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.*

Sing: Psalm 75:1 (1936)

Ds LD (Lourens) Aucamp (Emeritus Cullinan)